# Getuigskrif.

Aan Mnr Nicolaas E. Loubser
Onderwyser van die C.N.O., Chubut, Argentinië.

Waarde Heer en Vriend,

Dit is ons, ondergetekendes, 'n eer en 'n genoeë om u hiermee 'n getuigskrif te gee, ongevraag deur uself, maar 'n behoefte van die hart vir ons.

Om hierin net maar te sê, soos gewoonlik die geval met getuigskrifte is, dat u hier goeie werk op Onderwys gebied gelewer het, dat die kinders onder u bearbeiding goed gevorder het (volgens getuienis van die Ouers self), en dat u egalig-standvastige karakter en u mannelik-christelike gedrag vir die kinders en vir almal 'n goeie voorbeeld was gedurende die 2¼ jaar, dat u hier gewoon het, sou wel die suiwere waarheid wees, maar sou ook nog maar die allerminste wees, wat kan gesê word, en sou derhalwe veel tekort doen aan die behoefte van ons hart.

As ons dink aan hoe u gewillig was om huis en haard, vriendekring en Vaderland te verlaat, om vêr oor die see te kom na hierdie vreemde Latynse Land; as ons let op hoe u nou meer as 2 jaar die ruwe klimaat van Patagonië, die ongerief van 'n skraal bevolkte en min bevoorregte land-

streek met geduld verdra het; en as ons ons in gedagte bring, dat u dit alles gedoen het terwille van die redding van die so min bevoorregte, ja, reeds snel denasionaliserende jeug van hierdie verste en aan die grootste gevare blootgestelde groepie van alle uitgeweke Afrikaners; dan is ons in onse siel oortuig, dat u waarlik u Volk liefhet, dat u die krag van selfverloogenende liefdediens vir u Nasie ondervind het, en dat daar dus meer as gewone oortuiging in u hart moes gewees het, toe u besluit het om hierheen te kom. Ons dank God dat Hy u gestuur het. Ons dank u ook, dat u in die uiters moeilike saak van die Christelik Nasionaal Onderwys, onder die dikwerf ontmoedigende omstandighede, pal by ons en ons beginsels gestaan het. U beginselvaste persoonlikheid en minsame omgang was 'n inspirasie vir menige jong Afrikaner hier.

En nou gaat u ons verlaat, nie omdat u nie meer vir ons wil help nie, maar helaas! omdat, sonder u toedoen, die gebrek aan samewerking — daardie doodsteek vir die Afrikaner — u andersins florerende skool gesluit het. Ons is bitter spyt daaroor. Vaarwel, liewe Vriend, terug na u Vaderland en Ouerlike woning. Ons gebede gaan met u. Mog u ook veel voordeel getrek het uit u ondervindinge hier. Mog u ook vandaar nog veel vir ons arme kindertjies doen, en ook vir ons bid, dewyl u nou self ons behoeftige toestand gesien en meegeleef het. Vergeet ons nie. Ons sal u ook nooit weer kan vergeet nie. Nogeens: Vaarw

Geteken deur die Lede van die C.N.O. Raad.